18 Januarie 2024

Geagte Ouers/Voogde

Die akademiese skooljaar skop nou af en ons is dankbaar dat ons ‘n nuwe skooljaar mag begin. Ons wens elke ouer en kind ‘n geseënde en voorspoedige nuwe jaar toe.

Die nuwe graadgroepe is nou gevestig en ons versoek dat indien u nog nie op ‘n groep is nie, u die skool sal kontak. Voltooi asseblief die ouerinligtingvorm wat u saam met hierdie skrywe ontvang volledig en onthou om ons deur die jaar op hoogte te hou van adresse en selfoonnommers wat verander.

Reëlings rondom skooltye en toegang tot die skoolterrein

- Die skoolhekke open om 07:00 en klasse begin om 07:25.
- Gr. R-leerders maak soggens en smiddags gebruik van die hekkie in Genl. Fronemanstraat, regoor hulle klassies. Die hekkie open om 07:00 soggens en hulle verdaag om 12:45.
- Gr. RR-leerders maak soggens en smiddags gebruik van die hekkie in Genl. Fronemanstraat, regoor hulle klassies. Die hekkie open om 07:00 soggens en hulle verdaag om 12:45.
- Gr. 1-leerders maak die eerste drie dae (17 – 19 Januarie) soggens en smiddags gebruik van die hek in Theo Wassenaarstraat en verdaag om 12:45. Vanaf 22 Januarie maak hulle ook gebruik van die hek in Hans van Rensburgstraat. Graad 2 tot 7-leerders maak soggens en smiddags gebruik van die hek in Hans van Rensburgstraat. Graad 2-leerders verdaag om 12:45 en graad 3-leerders verdaag om 13:00. Graad 4 tot 7-leerders maak gebruik van die hek in Hans van Rensburgstaat en verdaag om 13:45.
- Die skool sluit Vrydae om 13:15 vir graad 4 tot 7-leerders.

Skoolfondsverpligtinge

Ons versoek dat u asseblief die skoolfonds elektronies sal inbetaal. Gebruik u kind se naam, van en toelatingsnommer (die nommer voor u kind se naam op die klaslys) as verwysing. ‘n Eenmalige intree skoolfonds van R400 per kind is betaalbaar voor die einde van die 1ste kwartaal. Die bankbesonderhede en skoolfonds vir 2024 is as volg:

Gr. 1 – 7: R895 x 11 vir een leerder R1 790 x 11 vir twee leerders R2 200 x 11 vir drie of meer leerders	Gr. RR: R1 170 x 11 vir een leerder Gr. R: R1 045 x 11 vir een kind	Laerskool Kollegepark ABSA Tjekrekening Takkode: 632 005 Rek no: 530 491 153

Huissport

Op Vrydag 19 Januarie 2024 gaan ons **huissport** hou. Die graad RR, R en 1-maats kom eers om 11:30 skool toe om te kom deelneem. Let daarop dat al ons graad RR, R en 1-maatjies gaan deelneem. Die Gr. 2 en 3-maats wat deelneem, kom gewone tyd skool toe en die res van die maats bly tuis. Graad 4 tot 7-maats kom almal skool toe. Die program sal voor 13:15 afgehandel wees en leerders wat van naskoolbussies gebruik maak, sal betyds wees om opgelaai te word. Ons nooi ouers, wat wil kom kyk hoe hulle kinders deelneem, hartlik uit om die geleentheid by te woon en aan ‘n worsbroodjie te kom smul. Indien dit die oggend van die 19de Januarie reën, sal die huissport DV op Dinsdag 23 Januarie plaasvind.

Inligtingsaande

Op Donderdag 18 Januarie 2024 vind ons inligtingsaande, waar u die personeel kan ontmoet en belangrike inligting ontvang, plaas. Graad 2 en 3-leerders se ouers kan na hulle kinders se registerklasse gaan. Graad 4 en 5-ouers om 17:00 in die Klubhuis en graad 6 en7-ouers om 18:00 in die Klubhuis.

Skooldrag en voorkoms

Kleredrag en algemene voorkoms:

- Die dra van voorgeskrewe skooldrag is verpligtend en beskikbaar by MG Schoolwear en Ekspaar. Die skool se klerebank, op die terrein van die graad R-maats, is op Donderdae tussen 13:00 en 14:00 oop.
- Skooldrag vir die somer is as volg:
  Meisies: Rooi rokke, bruin kouse, bruin skoene en rooi "ski pants".
  Seuns: Bruin broek, wit- of roomkleur hemp (skoolwapen opsioneel), bruin kouse met rooi strepe en bruin skoene.
  Somersdrag op Vrydae:
- Meisies en Seuns: Swart kortbroek en rooi Kollegepark-gholfhemp (Feeshempie). Let wel dat "ski pants " nie toegelaat word nie. Leerders mag tekkies saam met die Vrydagdrag aantrek en slegs die rooi bytjiekouse mag aangetrek word. Hierdie kouse is by MG Schoolwear beskikbaar. Dogters mag nie die skool se "skort" op Vrydae aantrek nie.
- Skoolpette is by me. Peters in klaskamer G01, teen R60-00 per pet, beskikbaar.
- Geen eksentrieke haarstyle word by sowel seuns as dogters toegelaat nie. Geen haarmiddels byvoorbeeld "jel" (ook suikerwater), kleursjampoo of sonstrepe word toegelaat nie.
  Seuns: Geen "steps" of kantpaadjies mag ingesny word nie. 'n "Comb over" haarstyl is slegs aanvaarbaar as daar een lemgrootte verskil tussen die hare langs die kop en die hare bo-op die kop is. Hare mag nie oor die oë, ore of hempkraag hang nie.
  Dogters: Hare wat aan die onderkant van die rok se kraag raak, moet vasgemaak word. Linte, knippies, rekkies en "Alice bands" moet in skoolkleure (rooi, geel of bruin) wees. Linte mag nie strepe, kolle of blomme op hê nie. Geen blomme of blinkertjies word toegelaat nie. Hare mag nie in die gesig hang nie en kuiwe moet bokant die wenkbroue wees of vasgesteek word.
- Seuns mag geensins juwele dra nie. Dogters mag een seëlring en een paar oorringetjies of "studs" dra. Geen edelgesteente- of pêreloorbelle word toegelaat nie. Geen halskettinkies en armbande mag gedra word nie. Geen neus-, mond-, of naeltjieringe word toegelaat nie. Mediese armbandjies en of halskettinkies word wel toegelaat.
  Indien u twyfel oor enige van die skoolreëls, raadpleeg die huiswerkboekie. Die skoolreëls word deeglik daarin uiteengesit. Grondslagfase leerders ontvang die skoolreëls, wat op hulle van toepassing is, in 'n aparte skrywe.

Nuwe personeel

Baie welkom aan mej. C. Dowling, as graad 2-onderwyseres, mej. J. Malan en mnr. K. Schultz in die intersenfase en mev. C. Beyers in die seniorfase. Ons vertrou dat hierdie die begin van 'n onvergeetlike reis sal wees.

Fondsinsamelingsprojek

Op 29 Januarie loots ons 'n fondsinsamelingsprojek in die vorm van 'n spelkompetisie. Meer inligting sal in 'n volgende skrywe aan u deurgegee word. Die kompetisie sal op 1 Maart plaasvind.

Kwartaalprogram

Algemeen:

18 Januarie	Graad 1 Fotodag en inligtingsaande soos bo bespreek
19 Januarie	Haarinspeksie
26 Januarie	"Funky dag"
29 Januarie	Fondsinsameling: Spelkompetisie word geloots
02 Februarie	Koekverkoping: Graad 2
09 Februarie	Haarinspeksie
01 Maart	Koekverkoping: Graad 4, graad R-bakkertjiefoto's en Spelkompetisie
04 Maart	Beheerliggaamverkiesing
11 Maart	Blikkieskos: Insamelingsprojek begin
14 Maart	Fotodag
15 Maart	Haarinspeksie
18 Maart	Beheerliggaamverkiesing indien korum nie die vorige keer bereik is nie.

Sport:

19 Januarie	Huissport
23 Januarie	Huissport (Alternatiewe datum)
26 Januarie	Atletiek te Laerskool Vryheidsmonument
30 Januarie	Atletiek te DP de Villiers
01 Februarie	Ateletiek te DP de Villiers
06 Februarie	Aflosaand te DP de Villiers
07 Februarie	Atletiek te Hoërskool Driehoek
09 Februarie	Atletiek tuis
12 Februarie	Atletiek: Interlaer te Karel de Wet
13 Februarie	Atletiek: Interlaer te Karel de Wet (Alternatiewe datum)
19 Februarie	Atletiek: Area
20 Februarie	Atletiek: Area (Alternatiewe datum)
27 Februarie	Atletiek: D8 te DP de Villiers
29 Februarie	Rugby en netbal te Laerskool Fontainbleu
05 Maart	Rugby en netbal tuis teen Laerskool Bailliepark
06 Maart	o. 12 en o. 13 D8-netbalproewe te Laerskool Emfuleni
07 Maart	o. 12 en o. 13 D8-netbalproewe te Laerskool Emfuleni (Alternatiewe daum)
08 Maart	o. 7 en o. 8 Rugby VRC
08 – 09 Maart	Gauteng Atletiek
11 Maart	Rugby en netbal te Laerskool Randhart
12 Maart	Netbal o. 12 & o. 13 Sedibengproewe te Laerskool Emfuleni
15 – 17 Maart	Netbaltoer o.11 & o. 13-spanne
16 Maart	Rugby en netbal te Laerskool Baanbreker
19 Maart	Rugby en netbal te Laerskool Mooirivier
21 – 24 Maart	Rugbytoer o.11 & o. 13
22 – 24 Maart	Atletiek: SA's

Kultuur:

05 Februarie	Interne Redenaarskompetisie
08 Februarie	Interne Redenaarskompetisie
08 -09 Februarie	Super 12 Redenaars te Elarduspark

Akademie:

06 Februarie	Formele assessering: Afrikaans Stelwerk
08 Februarie	Formele assessering: Engels Stelwerk
12 Februarie	Grondslagfase formele assessering begin
16 Februarie	Formele assessering: Afrikaans graad 4 – 7
22 Februarie	Formele assessering: NW graad 4 – 7
23 Februarie	Formele assessering: Tegnologie graad 7
26 Februarie	Formele assessering: EBW graad 7
27 Februarie	Formele assessering: Wiskunde graad 4 - 7
29 Februarie	Formele assessering: SW Geografie graad 4- 7
04 Maart	Formele assessering: Engels graad 4 – 7
05 Maart	Formele assessering: SW Geskiedenis graad 4 -7
07 Maart	Grondslagfase formele assessering eindig

Ons opregte dank aan elke ouer wat ons skool getrou ondersteun.

Groete

Mnr. C.F. HERBST